

## Sondag 14 Julie

**Skrifgedeelte: Johannes 9:1-11**

**Fokusgedeelte: Johannes 9:3-5  
(1933/53-vertaling)**

### **Blind tot God se eer sodat die Lig openbaar kan word**

Die Johannes-Evangelie fokus basies op een belangrike vraag: Wie is Jesus Christus? In ons teks is Christus besig met 'n reeks "Ek is"-uitsprake wat juis daarop gerig is om dié vraag te beantwoord.

Vers 1-11 lê 'n besondere klem op die tema van "Ek is" wat grootliks in die Evangelie voorkom. Wat veral in die teks uitstaan, is die praktiese manier waarop Christus dit uitbeeld – deur middel van die wonders wat Hy verrig. Hierdie werk verkondig sy Godheid. In die teks kry ons te make met 'n blinde. Wat egter duidelik is, is dat die teks se fokus nie op die blinde man val nie, maar op die openbaring van Wie Christus werklik is. Vers 3 veral maak hierdie gedagte duidelik: Dit was geen mens se skuld dat hy blind is nie, "maar die werke van God moet in hom openbaar word". Die rede dat hierdie man blind was, was in wese tot God se eer. Sy blindheid was 'n instrument in Christus se hande, sodat Christus Homself daardeur kon bekend maak. Dit is 'n besondere gedagte dat die man se beproewing gedien het tot God se openbaring in Christus.

Die beproewinge wat ons elkeen in hierdie lewe ervaar, is nie noodwendig 'n straf nie, maar sodat ons verder kan kyk en die Lig, Jesus Christus, kan sien. Paulus beklemtoon ook hierdie gedagte in 2 Korintiërs 4:11: "Want altyd word ons wat lewe, oorgelewer in die dood om Jesus wil, sodat ook die lewe van Jesus in ons sterflike vlees openbaar kan word." Een man se beproewing dien tot getuienis vir duisende, tot vandag toe.

Eer Christus in jou beproewinge sodat die getuienis van die Lig kan dien vir ander.

*Sing: Psalm 34-1: 1, 5*

*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*